

Die tyd is nou, die plek is hier!

Wanneer God 'n mens roep om in sy diens te staan en in sy Naam op te tree, is dit opvallend om daarop te let dat Hy dikwels 'n gewone mens roep om buitengewone dinge te vermag. Ja, so dikwels sien ons in die Bybel dat die Here eenvoudige manne nadertrek om as bruikbare werktuie in sy koninkryk te arbeid. Amos was so 'n man. Ons leer hom ken as 'n skaapboer uit Tekoa wat ook wildeve gekweek het. Hy was nie 'n opgeleide teoloog of broodprofeet nie; God het hom daar waar hy saam met sy skape in die veld was, vir 'n tyd lank weggeroep en as profeet laat optree teen die volk Israel. En hoe het hy nie opgetree nie, hoe het hy nie gepreek nie! In die Ou Testament is daar min predikers wat kan kers vashou met hierdie skaapboer-vykekeker-profeet.

Wanneer God iets doen, is dit nooit doelloos nie. En as Hy 'n persoon, 'n werktuig in sy diens kies, dan doen Hy dit met 'n doel. Ons moet altyd onthou dat daar baie gereedskap op God se werkbank lê. Elke stuk gereedskap het sy eie vermoë en karakter. 'n Hamer kan nie saag nie en 'n skroewedraaier kan nie kap nie. Die Here verwag ook nie die onmoontlike van sy werktuie nie, en daarom gebruik Hy hulle ooreenkomstig hulle gawes en vermoëns. Hy roep verskillende mense vir verskillende take. Só gaan God hier op aarde te werk. Hy gebruik mense – en gewoonlik doodgewone mense: boere soos Amos en Moses en Abraham en Dawid en in die Nuwe Testament vissers en tollenaars en tentmakers.

Ook al laat Hy die mees ongewone dinge gebeur, is sy handelinge dikwels “gewoon”. Daarom word die Profeet van Nasaret in 'n stal gebore, word Hy in 'n timmermanswinkel groot en preek Hy in die opelug. En omdat God die gewone en alledaagse nog altyd 'n plek in sy werkwyse gee, roep Hy vandag mense soos jy en ek om niks minder te doen nie as om te profeteer nie! Wat ons beroep ook al mag wees. As ons die boodskap van die Bybel – die boodskap van die kruis – gesnap het, is ons ook mense met 'n buitengewone boodskap: die boodskap van God se verlossende liefde.

In die eerste twee verse van die boek Amos kom ons voor 'n belangrike feit te staan: As God iemand roep, is daar vier punte wat saamtrek, naamlik:

- die persoon
- die tyd
- die plek
- die opdrag

Toegepas op jou en my: God roep jou! Die tyd is nou! Die plek is hier! En die opdrag is: Verheerlik God se Naam en dien Hom met oorgawe tot sy verblyding!

Sing: Psalm 89:6 (1936); Psalm 31:15, 17 (1936)

Ds CJ Nagel (jr) (Nylstroom)